Die sosiale impak van die Wet op die Behoud van Aparte Geriewe, Wet 49 van 1953 (die wet is eers op 15 Oktober 1990 deur die destydse parlement herroep (https://www.politicsweb.co.za/opinion/the-dismantling-of-apartheid)), was baie wyd, aangesien net openbare paaie en strate nie daaraan onderhewig was nie.
Die wet het die verskaffing van aparte geriewe vir die verskillende bevolkingsgroepe soos bepaal deur die Bevolkingsregistrasiewet van 1950 beveel, maar die geriewe vir mense wat nie wit was nie, het spoedig geblyk nie van dieselfde peil te wees as die geriewe vir wit mense nie.
Dit het gelei tot aparte strande, biblioteke, skole, universiteite, parke net in sekere buurte, munisipale swembaddens (https://www.gov.za/blog/their-sacrifices-must-not-be-vain), taxi's, ambulanse, lykswaens, busse, treine, hysbakke, parkbankies, badkamers, kerksale, stadsale, fliekteaters, eetplekke en hotelle (https://www.quora.com/Who-was-affected-by-the-Separate-Amenities-Act) net in sekere buurte en beperkte openbare vervoer in buurte wat nie wit was nie, wat weer tot die totstandkoming van die minibustaxibedryf aanleiding gegee het (https://www.polity.org.za/article/the-minibus-taxi-industry-in-south-africa-a-servant-for-the-urban-poor-2013-05-06).
Swartes moes ook van sypaadjies af padgee as hulle in Johannesburg in die pad van wit mense was (https://www.smithsonianmag.com/history/what-did-apartheid-south-africa-look-180956945/).
Tot so laat as 2017 het swart mense nie op sekere strande aan Suid-Afrika se 2500 kilometer lange kuslyn gekom nie (https://qz.com/africa/879865/racial-tension-post-apartheid-still-flares-on-south-africas-beaches-with-black-people-flocking-to-the-countys-beaches/).

Die oudjoernalis (hy was die eerste persoon van kleur wat by die dagblad *Die Burger* gewerk het

(https://www.netwerk24.com/ZA/Paarl-Post/Nuus/talle-rou-oor-sidego-20200408-2)), oudambassadeur en oud-burgemeester van Stellenbosch (2011-2016), Conrad Sidego, wat op 2 April 2020 in die ouderdom van 73 jaar oorlede is, het vertel van sy vernederende ervarings as bruin man weens die Wet op die Behoud van Aparte Geriewe. Hy mag nie die badkamer in sy werkplek gebruik nie. Hy moes stap na die naaste badkamer vir nie-wittes, vier of vyf straatblokke weg van sy werkplek (https://www.netwerk24.com/Nuus/Algemeen/sidego-help-sa-anders-maak-20200404). Later is die badkamer in *Die Burger* se kantoor vir Sidego oopgestel, maar ‘n skoonmaker is spesiaal aangestel om dit aan die “wit standaarde” te laat bly voldoen.